Institute vir gevorderde navorsing: Elitistiese luuksheid of bakermat van die wetenskap?

Bernard Lategan

Bernard Lategan, Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing en Departement Inligtingwetenskap, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Institute vir gevorderde navorsing (IGN's) is lank reeds deel van die akademiese toneel. Tog is hierdie instellings betreklik onbekend en word hulle dikwels met agterdog bejeën en gesien as eksklusiewe klubs wat net vir 'n paar uitverkorenes toeganklik is. Die artikel bied 'n kritiese oorsig oor die herkoms van die idee, die hoofdoelstellings en eiesoortige werkwyse, die verhouding met die res van die navorsingswêreld, die kenmerkende etos, en die potensiële bydrae wat hierdie soort van instelling kan lewer. Vir hierdie doel word geput uit die geskiedenis en ervaring van IGN's in verskeie wêrelddele, maar in besonder van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS, na aanleiding van die Engelse naam, Stellenbosch Institute for Advanced Study).

Die eerste gedeelte bied 'n oorsig oor die ontstaansgeskiedenis vanaf die eerste instituut wat in 1930 in Princeton gestig is tot op hede, waar tientalle IGN's in feitlik elke land bestaan. Vervolgens word die simbiotiese verhouding tussen universiteite en IGN's bespreek. Die mees suksesvolle institute word gedra deur 'n paar kernwaardes wat mekaar onderling versterk. Dit word gekenmerk deur die klem op die vryheid van wetenskaplike ondersoek, die drang na grensoorskryding, die aanvaarding van onvolledigheid, die strewe na inklusiwiteit (wat onder andere elitistiese en uitsluitende neigings teenwerk) en 'n fokus op die uiteindelike bydrae tot die algemene welsyn. Uit hierdie waardes het 'n bepaalde etos ontwikkel wat met voorbeelde uit die praktyk geïllustreer word.

Ten slotte word geargumenteer dat ten spyte van gevalle waar die edele doelstellings versaak word, die mees suksesvolle IGN's 'n belangrike bydrae lewer tot die bevordering van die wetenskap en tot die nimmereindigende soektog na nuwe insigte en kennis.

Trefwoorde: institute vir gevorderde navorsing; navorsingsinstellings; vernuwende denke; kennisproduksie; epistemologie; kernwaardes; etos; Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing; STIAS

Abstract

Institutes for advanced study: Elitist luxury or incubators of science?

Despite the fact that institutes for advanced study (IASs) have been part of the academic landscape for almost a century, they remain relatively unknown to the general public and even to the scholarly community. To a certain extent they have themselves to blame for this obscurity. They are associated with retreat, withdrawal from the daily routine and concentrated, uninterrupted work. They are wary of the limelight and operate mostly behind the scenes. Not surprisingly, their purpose and function are often misunderstood. The claim to be performing "advanced study" creates the impression of superiority, and the strict selection process of fellows increases the suspicion that they are exclusive clubs accessible to only a privileged minority. In view of the economic and social challenges of our time, can it be justified to allocate scarce resources for research just for the sake of research? Are these institutions not just a form of elitist luxury or are they indeed incubators of science?

These questions call for a critical examination of the origin of the idea of an "institute for advanced study", their goals and distinctive mode of operation, their relationship with the rest of the research community, their core values and own distinctive ethos and, finally, their potential contribution to the advancement of science. This analysis relies on the history and experience of these institutions in various parts of the world and, more particularly, of the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS).

Origins

The first IAS was established in 1930 in Princeton. It started not as a scientific enterprise, but as a prime example of charitable giving. The Bamberger family, owners of a chain of retail stores in New Jersey, wanted to fund a new medical school in Newark, but Abraham Flexner, a renowned educationist, convinced them to support a new kind of institution which would be totally dedicated to basic research. Princeton also benefited from the exodus of prominent Jewish scientists from Germany and Eastern Europe after Hitler assumed power in 1933. Many of them found a home at the IAS, among them Albert Einstein, the Institute's most famous Fellow.

Princeton set the tone for similar institutes which followed in Stanford (1954), the Hague (1970), Raleigh, NC (1979), Berlin (1981), Uppsala (1985) and elsewhere. In 1999, STIAS was established as the first IAS in Africa. In 2018 it was invited to become the tenth member of SIAS, a select group of leading IASs.

Relationship with universities and the wider research community

IASs function in a symbiotic relationship with universities and the intellectual environment which the latter provide. The relationship varies from being an inherent part of a specific

university (the so-called university-based institutes) to being totally independent institutions like Princeton. STIAS followed a unique course: Although it was founded by Stellenbosch University, the intention right from the beginning was to develop it as an independent institute in service of the whole country and the continent. In 2009 STIAS was registered as a Public Benefit Organisation (PBO) with its own board of directors.

Core values and their implementation

These institutes, despite the fact that they differ in many respects, are all driven by a set of core values, of which the following are the most important:

Freedom. Freedom of inquiry is such a basic value in the scientific enterprise that it may seem strange to emphasise it in this regard. The reality is that there is an inherent tension between the expectations society has of universities and the way these institutions themselves understand their scientific responsibility. Universities are increasingly under pressure to take over roles which are not part of their core function and which in many cases are the responsibility of the state. Consequently the freedom with regard to the issues to be examined, the questions asked, the presuppositions involved, the methodology used, and the expected outcomes are being constantly eroded. Here IASs play an important complementary role to safeguard the freedom of research. As custodians of "creatives spaces for the mind" they encourage innovative thinking and the search for alternative solutions.

Crossing borders. IASs operate on the edges of existing knowledge. Taking the known as given, they venture into uncharted territory and focus on experimental work which has the potential to break new ground. The crossing of borders also relates to the traditional barriers between disciplines, which can have a fragmenting effect on the search for new knowledge. Often the most interesting developments are to be found in the gaps between disciplines. Furthermore, the complexity of contemporary reality makes a single-discipline approach increasingly untenable. Most IASs therefore support interdisciplinary research. STIAS is unique in this respect, however, in so far as it caters for all disciplines and has developed a novel interdisciplinary approach. Instead of relying on generalists, it looks for the leading specialists in a specific field, but who have the ability to relate and share their work with leading scientists in other fields. The crossing of borders also implies the subversion of hierarchies and a certain "democratisation" of the academic process. What counts is not title or position, but the quality of ideas and the persuasive power of evidence and argument.

Incompleteness. One of the consequences of an interdisciplinary approach is the acceptance of the incompleteness of the insights of a single discipline or of an individual researcher. In this respect, science mirrors the incompleteness of the human condition. This provides the basis for constructive cooperation, or what Nyamnjoh (2015, in *Journal of African and Asian Studies*) calls "convivial scholarship" which displays diversity, tolerance, trust, equality, inclusiveness and interdependence in the scientific endeavour. In his own words: "With convivial scholarship, there are no final answers,. Only permanent questions and ever exciting new angles of questioning."

Inclusiveness. The crossing of borders and the realisation of the limitations of individual knowledge has as counterpart a holistic, inclusive approach. IASs are therefore not champions of a specific school, paradigm or research tradition. All voices should be heard, all alternatives considered. This inclusiveness does not imply that "everything goes". Access to the scientific

process implies exposure to rigorous critique by peers and fellow researchers. An inclusive approach provides the best defence against the charge of elitism. These institutes do not only honour "liberal values", but also offer a platform for engaging with "radical values". The involvement of STIAS in the ongoing debate on the epistemologies of the "north" and the "south", decolonisation and revision of curricula is a case in point. It provides a safe environment where voices of all persuasions can be heard and engage in vigorous debate.

Public benefit. Given the concentrated focus on basic research, "public benefit" seems far removed from the world of IASs. Nonetheless, there is a close historical and philosophical link between the two. As already pointed out, the establishment of the first IAS was inspired by charitable giving, the desire to do something for the wellbeing of society. Philosophically, it relates to the issue of fundamental accountability. IASs will be tolerated and granted their freedom only if in the end they demonstrate their value to society. STIAS is registered as a PBO as a matter of conviction and combines "research on the highest level on issues of the highest relevance for society" according to its mission statement.

From these core values a very distinctive ethos developed in an organic way. It becomes visible in unobtrusive ways: the "loss" of titles for the duration of a fellowship, offices of equal size and equipment, optimising opportunities for interaction (one coffee machine, no obligations save to attend lunch and present a seminar), respect for privacy and the different working habits of fellows, and assuring a neutral and "safe" space for discussion and debate.

Importance and contribution

Are IASs worth their salt? These facilities no doubt run the risk of becoming comfort zones, of being perceived as a reward after a strenuous career, or an end in itself. It must also be conceded that in many of the institutions which claim the title of being an IAS, the flag does not cover the cargo.

At the same time, the enormous contribution in terms of groundbreaking research over many decades by the group of leading IASs cannot be denied. The increase of the research output of the home universities of fellows (and indirectly the quality of their teaching) is likewise well documented. But there are also less tangible and quantifiable benefits – the enrichment and deepening of thought, the discovery of new insights, the confrontation with other disciplines, methods and concepts, the broadening of horizons, the challenge to think differently – these are the recurring themes in the exit reports of fellows.

However, the precondition is that IASs remain faithful to their mission and implement their ethos diligently. Critical thinking – not only with regard to the scientific enterprise, but also with regard to IASs themselves and their way of operating – remains a permanent obligation.

Keywords: institutes for advanced study; research institutions; innovative and creative thinking; knowledge production; epistemology; key values; ethos; a creative space for the mind; Stellenbosch Institute for Advanced Study; STIAS

1. Inleiding

Die idee van ’n instituut vir gevorderde navorsing (Engels “institute for advanced study”) bly ’n vreemde begrip en ’n onbekende instelling vir baie mense – nie net onder die algemene publiek nie, maar ook onder universiteitslui. Dit ten spyte van die feit dat hierdie *Fremdkörper* al byna ’n eeu lank deel van die akademiese landskap is. Die ironie is dat hierdie instellings tot ’n mate self verantwoordelik is vir hulle betreklike onbekendheid. Vanweë hulle spesifieke doelstellings en eiesoortige werkswyse is hulle selde in die kalklig, voer hulle ’n kloosteragtige bestaan en is hulle oor die algemeen wars aan publisiteit. Hierdie onbekendheid werk onbemindheid in die hand – meer nog, dit wek soms agterdog en argwaan. Die aanspraak van “gevorderde” navorsing (wat dit ook al mag beteken) kan die indruk van verwaandheid skep, en die streng keuringsprosesse wat vir navorsingsgenote geld, versterk die vermoede dat dit ’n eksklusiewe klub is waarvan lidmaatskap net vir ’n klein groepie uitverkorenes beskore is. Kan – gesien die sosiale en ekonomiese uitdagings van ons tyd – navorsing ter wille van navorsing, die bevordering van “nuttelose kennis”[1] en die gebruik van kosbare bronne om enkeles in staat te stel om bloot te dink en te droom werklik geregverdig word? Is hierdie soort instelling enigiets anders as ’n vorm van elitistiese luuksheid? Of kan dit as bakermat van die wetenskap dien?

Hierdie vrae toon dat ’n kritiese besinning nodig is oor die herkoms van die idee, die hoofdoelstellings en eiesoortige werkwyse, die verhouding met die res van die navorsingswêreld, die kenmerkende etos, en, ten slotte, die potensiële bydrae wat hierdie soort van instelling sou kon lewer. Vir hierdie doel word geput uit die geskiedenis en ervaring van hierdie soort institute in verskeie wêrelddele, maar in besonder van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS, na aanleiding van die Engelse naam, Stellenbosch Institute for Advanced Study).

2. Waar kom die idee vandaan?

Die ontstaansgeskiedenis van die eerste (en beroemdste) van hierdie instellings, naamlik die Institute for Advanced Study (IAS) in Princeton, New Jersey, verraai reeds baie van die kenmerkende eienskappe van ’n instituut vir gevorderde navorsing (IGN).[2] Abraham Flexner (1866–1959), ’n bekende opvoedkundige aan die begin van die vorige eeu (en kenner van veral mediese opleiding) het gaandeweg ontgogel geraak met die resultate van die Amerikaanse opvoedingstelsel. Sy kritiek op die “college”-stelsel trek die aandag van die Carnegie-stigting en gee aanleiding tot sy invloedryke “Flexner Report” (Flexner 1910). Hierdie verslag lei tot ingrypende hervormings wat die gehalte van mediese opleiding in die VSA dramaties verhoog het. Die eerste “gelukkige toeval” (of geval van “serendipity”)[3] wat Princeton getref het, was dat Flexner nog meer wou bereik en van ’n heel nuwe soort navorsingsinstelling begin droom het.

Op hierdie stadium kruis sy pad met dié van die filantroop Louis Bamberger en sy suster Carol Fuld, lede van die welvarende Bamberger-familie en eienaars van ’n hoogs suksesvolle ketting van kleinhandelwinkels in New Jersey.[4] Die Bambergers wou aanvanklik ’n nuwe mediese skool in Newark finansier, maar Flexner het ander planne gehad. Hy het hulle oortuig om hul geld liewer in sy nuwe droom te belê – ’n instelling wat geheel en al en sonder enige beperkings op fundamentele navorsing konsentreer. Flexner was ’n produk van Johns Hopkins,

die eerste navorsingsuniversiteit in Amerika op Duitse patroon en waar Charles Pearce, een van sy leermeesters, vroeg en laat die mantra verkondig het: “Don’t block the way of inquiry” (Harpham 2007:1637). Flexner het van naderby beleef hoe suiwer en vrye navorsing deur opdrag- en befondste navorsing versmoor word in die wedloop om onmiddellike (kommersiële) voordele te bekom. Vandaar sy ode aan die “usefulness of useless knowledge” (Flexner 2017). Hy het wel deeglik besef dat navorsing nie bloot ’n lisensie vir eiesinnigheid is nie, maar ook ’n sosiale verantwoordelikheid dra. Om hierdie verantwoordelikheid na behore na te kom, was dit volgens hom nodig om ’n langer pad te volg. Denke moet vrye teuels gegee en onbeperkte ruimte gegun word om iets nuuts te bedink en te skep. So het die Institute for Advanced Study (beter bekend as IAS of bloot “the Institute”) op ’n landgoed in Princeton in 1930 tot stand gekom.

Die tweede gelukkige toeval was ’n onbedoelde gevolg van die dreigende oorlog in Europa. Hoewel die instituut reeds in 1930 gestig is, het dit eers in 1933 begin funksioneer – die jaar waarin Hitler aan bewind gekom het. Dit het tot ’n grootskaalse uittog van Jode uit Duitsland en Europa gelei. Onder hulle was van die wêreld se knapste wetenskaplikes. IAS was uitstekend geplaas om sommige van hulle op te vang en aan hulle ’n intellektuele tuiste te bied – onder andere John von Neuman, Kurt Gödel en ook die beroemdste van al sy navorsingsgenote: Albert Einstein.

Die roem en aansien van die “moederinstituut” was so groot dat dit vir ’n lang tyd die enigste instelling van sy soort was. Omdat IAS hoofsaaklik op wiskunde en verwante gebiede gefokus het, het die behoefte aan ’n soortgelyke instituut vir die sosiale en gedragswetenskappe al sterker geword. Die Ford-stigting het hierin die voortou geneem en in 1954 is die Center for Advanced Study in the Behavioral Sciences (CASBS) in Palo Alto as deel van Stanford-universiteit gestig om in hierdie behoefte te voorsien.

Die sukses van hierdie instellings het spoedig ook buite die VSA weerklank gevind. Reeds in 1959 is planne in Leiden gemaak om ’n Europese instituut op te rig wat alle dissiplines sou insluit. Vanweë talle struikelblokke en onderlinge struwelinge tussen die Nederlandse universiteite het dit tot 1970 geduur voordat daar iets konkreet gebeur het. In hierdie jaar het die Nederlandse regering besluit om ’n eiendom in Meijboomlaan, Wassenaar te koop en dit beskikbaar te stel vir ’n instituut wat as die Netherlands Institute for the Advanced Study of Humanities and Social Science (NIAS) bekend sou staan – nie ’n omvattende instelling soos die oorspronklike plan was nie, maar ’n instituut wat wel ’n belangrike rol in Nederland en in internasionale konteks sou speel. Van deurslaggewende belang was dat die Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen (KNAW) die instituut in 1988 onder sy vlerk geneem het en daardeur NIAS se status as nasionale instelling verseker het.

Intussen het in die VSA die behoefte aan IGN’s verder gegroei. Die humaniora het daarop aangedring om, soos die wiskundige (IAS) en die sosiale wetenskappe (CASBS), hul eie instituut te kry. Gevolglik het die National Humanities Center (NHC) in 1979 tot stand gekom. In hierdie geval het die National Endowment for the Humanities ’n belangrike oorkoepelende en koördinerende rol gespeel om die NHC as ’n nasionale instituut te vestig. Die NHC het verder die voordeel gehad om ’n nuwe gebou te betrek wat spesiaal ontwerp is om interaksie en gesprek tussen die individuele navorsingsgenote te bevorder. Die plasing in die sogenaamde Research Triangle van Noord-Carolina het beteken dat dit omring was deur drie universiteite (Duke, North Carolina State University en University of North Carolina at Chapel Hill), wat die navorsingsklimaat verder versterk het.

Duitsland het nie agtergebly nie. Die Zentrum für Interdisziplinäre Forschung (ZiF) aan die Universiteit Bielefeld het baanbrekerswerk verrig. Na ’n vestigingsperiode van 1968 tot 1972 betrek die instituut sy eie doelmatig-ontwerpte gebou, geleë bokant die universiteit en teenaan die Teutoburger Wald. Sterk klem word gelê op navorsing in spanverband waarin verskeie dissiplines verteenwoordig was en waardeur die instituut groot bekendheid verwerf het. Nog ’n opvallende kenmerk is die nou band met één universiteit, naamlik Bielefeld. Hierdie universiteitsgebaseerde variant in die breër spektrum van IGN’s bring sy eie uitdagings mee, soos later meer uitvoerig bespreek sal word.

Die tradisie van ’n “navorsingsuniversiteit” wat veral aan die broers Wilhelm en Alexander von Humboldt en aan Berlyn te danke is, bevat baie van die kenmerke wat eie aan ’n IGN is. Dit is dus nie verbasend nie dat die Wissenschaftskolleg zu Berlin (Wiko) in 1981 hier tot stand gekom het. In die nadraai van die Tweede Wêreldoorlog was daar boonop ook ’n “versoening”-dimensie ter sprake. Die kontak en samewerking tussen Duitsland en die res van die internasionale intellektuele gemeenskap is deur die Nasionaal-Sosialisme erg versteur. Die stad Berlyn het die inisiatief geneem om verhoudinge te probeer herstel. Een van die belangrike stappe wat die stad in hierdie verband gedoen het, was om die oprigting van Wiko te steun. In navolging van die IAS in Princeton is die instituut nie aan ’n spesifieke universiteit gekoppel nie, maar as ’n heeltemal onafhanklike instelling gevestig wat uiteindelik groot aansien en invloed geniet het. Meer as enige van die ander IGN’s beskou Wiko dit as deel van sy verantwoordelikheid om aktief betrokke te wees by die bevordering van die wetenskap en hoëvlaknavorsing ook in ander wêrelddele. In Oos-Europa (Collegium Budapest, New Europe College in Boekarest), in Afrika (Point Sud in Bamako, Mali)[5], en ook elders het die instituut sy “sendingwerk” voortgesit. Ook met die totstandkoming van STIAS het Wiko en sy onvermoeide sekretaris, Joachim Nettelbeck,[6] onskatbare hulp verleen.

In Swede word die tendens voortgesit met die stigting van die Swedish Collegium for Advanced Study in the Social Sciences (SCASSS) in 1985 in die ou universiteitstad Uppsala. Na ’n proeftydperk van tien jaar is dit tot ’n nasionale instelling omskep wat amptelik deur die Sweedse regering erken word. Daarna volg Harvard, Boedapest, Boekarest, Nantes, Jerusalem en talle meer met wisselende mate van sukses.

Die eerste volwaardige IGN in Afrika het in 1999 tot stand gekom met die stigting van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing – algemeen bekend as STIAS. Die saadjie is geplant deur Walter Zimmerli (destyds rektor van die privaat universiteit Witten/Herdecke in Duitsland) in ’n toespraak op Stellenbosch. Die idee is sterk gepropageer deur Walter Claassen, wat toe die viserektor: navorsing was. Die rektor, Andreas van Wyk, het Witten/Herdecke kort daarna op uitnodiging van Zimmerli besoek. Met sy terugkeer het hy Claassen opdrag gegee om voor te berei vir die stigting van so ’n instituut, wat toe in 1999 formeel tot stand gekom het. Hoewel STIAS op die voorbeeld van Princeton en Berlyn gemodelleer was, het dit ook unieke kenmerke. STIAS maak voorsiening vir *alle* vakgebiede (wat alle vertakkinge van die natuur-, biologiese, sosiale en geesteswetenskappe insluit), verbind hoëvlaknavorsing met die uitdagings van die samelewing, en het ’n besondere verantwoordelikheid teenoor Afrika. Hierdie eienskappe word hier onder in meer besonderhede bespreek.

Ook STIAS se ontstaangeskiedenis word – soos dié van baie van sy susterinstellings) – gekenmerk deur die soort “toeval” waarna reeds in die eerste gedeelte verwys is – ’n gelukkige, meesal onbedoelde sameloop van omstandighede. Eerstens: Hoewel STIAS deur ’n inisiatief van die Universiteit Stellenbosch tot stand gekom het, was die bedoeling reg van die begin af

om dit as ’n nasionale, onafhanklike instelling te ontwikkel.[7] Dit was die tyd van politieke oorgang en sosiale veranderinge in Suid-Afrika wat ook Stellenbosch met sy historiese verlede voor groot uitdagings gestel het. Hoe kon hierdie inrigting met sy spesifieke geskiedenis wat ’n bepaalde deel van die Suid-Afrikaanse samelewing tot dusver so goed bedien het, tot ’n bate vir die hele land en al sy inwoners omskep word? Naas ander inisiatiewe was STIAS een stap in hierdie rigting. Soos die destydse rektor, Chris Brink, dit by die opening van die South African Centre for Epidemiological Modelling and Analysis (SACEMA) in 2006 op Mostertsdrift gestel het: “Wat ons hier probeer doen is om hierdie plek (Mostertsdrift) te verander in iets wat aan die hele land en die hele Suid-Afrikaanse nasie en die hele kontinent van Afrika behoort … Ons wil die geskiedenis erken en dit omdraai … dit is ’n soort ‘neutrale ruimte’, ’n ‘dink-spasie’ … en ons wil ander mense, ander universiteite, ander lande na hierdie pragtige plek nooi om ons te help dink oor wat goed is vir die land, vir die wetenskap en vir die intellektuele lewe.”[8]

’n Verdere geluk was dat Mostertsdrift op daardie stadium beskikbaar geword het. Hierdie historiese eiendom, geleë in die hart van Stellenbosch,[9] is in 1996 deur die universiteit aangekoop sonder dat dit vir enige spesifieke doel geoormerk is.[10] Nadat dit ’n ruk lank vir studentehuisvesting gebruik is, is dit in 2001 aan STIAS beskikbaar gestel. Dit was ’n ideale ligging vir gekonsentreerde, ongestoorde denke – ’n oase van rus en kalmte in die hart van Stellenbosch, op die grens van die kampus en aangrensend aan die Jan Marais-natuurtuin, wat aan die eiendom amper ’n plaasatmosfeer gee. Eers is die ou herehuis met behulp van ’n skenking van Karel Bos van Bosal herstel en in kantoor- en navorsingsruimtes omskep, daarna is die wynkelder met die steun van die universiteit en die Riksbanken Jubileumsfonds van Swede ingerig vir SACEMA (South African Centre for Epidemiological Modelling and Analysis – ’n NRF-gesteunde “centre of excellence”), en uiteindelik is die ou stalle omskep om as tuiste van die universiteit se Centre for Complex Systems in Transition (CST) te dien. Boonop het STIAS vir meer as tien jaar ook NITheP (National Institute for Theoretical Physics) gehuisves. Mostertsdrift het dus as ‘t ware in ’n minikampus van hoëvlaknavorsingsinstitute ontwikkel, wat die stimulerende omgewing van STIAS verder versterk het.

Een van die belangrikste gebeure (en nog ’n geval van gelukkige toeval) was toe STIAS se pad met dié van die Wallenberg-familie van Swede gekruis het. Hierdie vermoënde familie[11] van bankiers en industriële beleggers, wie se bates ongeveer 30% van die Sweedse beurs verteenwoordig, ondersteun sedert 1917 ’n groot spektrum van opvoedkundige programme, en met name hoëvlaknavorsing (Branegan 1996; Olsson 2001).[12] Peter Wallenberg Sr. (1926–2015) was die enigste lid van die familie wat eerstehandse ervaring van Afrika gehad het. Hy het van 1959 tot 1962 die Wallenberg-ondernemings in die destydse Rhodesië en die Kongo bestuur en gedurende hierdie tyd ’n lewenslange liefde vir die kontinent ontwikkel. Sy persoonlike belangstelling in STIAS het die deur vir ’n nuwe fase van ontwikkeling geopen.[13] Die familie het eers net die bou van die nuwe en doelmatige Wallenberg-navorsingsentrum op Mostertsdrift befonds,[14] maar daarna ook betrokke geraak by die navorsingsprogram van die instituut, wat hulle tans op groot skaal ondersteun. Naas twee ander soortgelyke projekte (by Stanford en MIT) is STIAS die enigste ander instelling waarby die Wallenbergs op eie inisiatief betrokke is. Van deurslaggewende belang was verder dat Stellenbosch-universiteit bereid wat om die skenking van die Wallenbergs aan die navorsingsprogram van STIAS op gelyke basis te ondersteun.

Van ’n beskeie begin in 1999 het die ontwikkeling van STIAS deur drie fases verloop. Die eerste (van 1999 tot 2004) was ’n vestigingsfase waartydens Mostertsdrift as permanente tuiste

bekom is.[15] Die tweede (van 2004 tot 2018) het gefokus op die opbou van ’n internasionale profiel en vestiging van die instituut se reputasie as gesogte navorsingbestemming. Gedurende hierdie periode het meer as ’n duisend navorsingsgenote van oral oor die wêreld by STIAS gewerk, insluitende ’n aantal Nobelpryswenners. In 2018 is die instituut genooi om as tiende lid (en as enigste uit Afrika) by SIAS, die uitgelese groep van IGN’s, aan te sluit.[16] Die volgende vergadering van hierdie groep vind in 2020 op Mostertsdrift plaas. Vir die derde fase (vanaf 2018) is die mikpunt om die voetspoor van STIAS in Afrika te vergroot en om doelgerig ’n nuwe geslag van uitgelese jong navorsers uit Afrika voor te berei.

Naas STIAS het soortgelyke institute in Suid-Afrika tot stand gekom: aan die Universiteit van Pretoria (Centre for the Advancement of Scholarship in 2012) en aan die Universiteit van Johannesburg (Johannesburg Institute for Advanced Study in 2015). In Accra is MIASA (Merian Institute for Advanced Studies in Africa) in 2018 aan die Universiteit van Ghana gestig met steun van die Duitse regering. STIAS was nou by die oprigting van hierdie instituut betrokke en het reeds gesamentlike navorsingsinisiatiewe met MIASA onderneem. Die verhouding van STIAS met ander soortgelyke instellings in Afrika word in meer besonderhede onder die kernwaarde “inklusiwiteit” hier onder bespreek.

3. Die verhouding met universiteite en ander navorsingsinstellings

Die verhouding tussen IGN’s en universiteite is een van simbiose. IGN’s is in meer as een opsig afhanklik van universiteite. Eerstens behels dit bronne soos biblioteke, laboratoria (geeneen van die huidige IGN’s beskik tans oor eie laboratoriumgeriewe nie), deskundige en gespesialiseerde kennis, ’n intellektuele klimaat en ’n spektrum van ander dienste en geriewe. Die plasing van IGN’s in die direkte nabyheid van ’n universiteit of ’n groep universiteite is daarom ook nie toevallig nie. Harpham (2007:1939) verwys byvoorbeeld in die geval van IAS in Princeton na die “immense library resources nearby”. Op ’n tweede, meer indirekte vlak is IGN’s ook volledig op universiteite aangewese – sonder uiters gespesialiseerde, hoogs bekwame en vernuwende navorsers wat reeds deur universiteite opgelei is, is daar geen kandidate wat as navorsingsgenote na hierdie institute genooi kan word nie.

Die intrigerende vraag is egter: Het universiteite op hulle beurt IGN’s nodig? Dit is ’n kwessie waarop in die slotgedeelte teruggekeer word. Vir eers is dit nodig om die aard van die verhouding tussen IGN’s en universiteite van nader te bekyk. In werklikheid vertoon hierdie verhouding ’n groot spektrum van moontlikhede wat wissel van volledige integrasie by die betrokke universiteit tot totale onafhanklikheid. In terme van grootte en getalle is daar natuurlik geen vergelyking tussen universiteite en IGN’s nie – laasgenoemde is klein wat omvang en getalle betref. IGN’s en universiteite deel egter dieselfde generiese verantwoordelikheid om basiese, vernuwende navorsing te bevorder. Terwyl IGN’s uitsluitlik op hierdie soort navorsing konsentreer, het die universiteit ’n veel breër opdrag, wat onder andere opleiding en gemeenskapsbetrokkenheid insluit (vgl. Wesseling 2002:5). Tog bestaan daar ’n wesenlike moontlikheid van oorvleueling wat – afhangende van hoe dit gehanteer word – óf op konflik en mededinging kan uitloop óf wedersyds verrykend kan wees.

Die afstand van en die verhouding met mekaar is dus van deurslaggewende belang. Hoewel die aanvanklike idee met die Princeton-IAS ’n onafhanklike instituut was, is die huidige werklikheid (weens ’n verskeidenheid van redes) dat die oorgrote meerderheid van IGN’s

universiteitsgebaseer ("university-based") is. In wese beteken dit 'n sekere mate van beheer deur die betrokke universiteit, hoewel hierdie beheer verskillende vorme kan aanneem en in intensiteit kan wissel. In die geval van die ZIF in Bielefeld het die instituut 'n baie groot mate van onafhanklikheid bereik en word dit as sodanig erken en gerespekteer. Ander voorbeelde van hierdie soort is FRIAS in Freiburg en die Collegium Helveticum in Zürich. Dan is daar institute wat volledig die belange en prioriteite van hul moederinstelling dien, soos in die geval van die IGN aan die Tegniese Universiteit van München (TUM). Hierdie universiteits-gebaseerde institute is in 'n aktiewe netwerk met mekaar verbind onder die vaandel van UBIAS – University-based Institutes for Advanced Study (vgl. ubias.net) wat in 2010 gestig is en tans 44 lede uit alle wêrelddele onder sy geledere tel.

Die getalle van hierdie soort instituut het in die afgelope dekade dramaties gegroei en neem steeds toe. Een van die belangrikste redes vir hierdie ontploffing is dat universiteite hierin 'n baie geskikte instrument ontdek het om hulle eie navorsingsprogram te versterk. Soos UBIAS dit self stel: "Unlike traditional Institutes for Advanced Study, UBIAS institutes are associated with or embedded within a university, and actively contribute to the academic culture and the scientific achievements of their home university."[17] In Duitsland het die sogenaamde *Exzellenzinitiative* wat in 2005 van stapel gestuur is, 'n groot rol gespeel. Die verskil was hier egter dat dit nie van 'n enkele universiteit uitgegaan het nie, maar 'n nasionale poging behels om die leierskap van Duitsland op navorsingsgebied te hervestig nadat dit veld begin verloor het teenoor veral die VSA en Asië. 'n Aansienlike navorsingsbegroting is hiervoor beskikbaar gestel (2,7 miljard euro vir 2012–17).[18] Duitse universiteite ding mee om hieruit 'n toekenning te kry op grond van 'n omvattende navorsingsplan wat hulle vir die volgende vyf jaar voorstel. Baie universiteite (soos Freiburg en beide universiteite in München) het 'n IGN as onderdeel in hul plan ingesluit.

Hoewel hierdie soort instituut baie kan bydra tot die versterking van die betrokke universiteit se eie navorsingsbeeld, is dit ook baie kwesbaar sowel wat finansiering as die vryheid van keuse ten opsigte van navorsingstemas en -prioriteite betref – iets wat 'n instituut soos FRIAS op pynlike wyse moes ervaar. Die Universiteit Freiburg het sy toekenning in die tweede ronde van die Exzellenzinitiative verloor, wat beteken het dat FRIAS sy program aansienlik moes afskaal. Verder bly hierdie institute steeds gebonde aan die oorkoepelende navorsingsdoelwitte van die universiteit, wat hul vryheid ten opsigte van hul navorsingsprogram beperk.

In teenstelling hiermee bestaan daar volledig onafhanklike institute, waarvan die "moederinstituut" in Princeton die mees prominente voorbeeld is. Die vestiging van hierdie soort instituut stel die stigters voor veel groter uitdagings, maar verseker ook die grootste mate van vryheid – een van die basiese waardes wat IGN's nastreef.

STIAS staan in hierdie tradisie, maar het ook wat hierdie aspek betref sy eie pad gevolg. Dit is die enigste geval waar 'n IGN deur 'n universiteit gestig is met die uitdruklike doel om dit uiteindelik in 'n onafhanklike instelling te ontwikkel wat nie net die belange van Stellenbosch dien nie, maar die belange van die land en die kontinent in sy geheel. Die probleem was dat STIAS nie eenvoudig *aanspraak* kon maak op die status van 'n nasionale instituut nie, maar dit moes *verdien*.[19]Die instituut het gevolglik verskillende stappe gedoen om die indruk te vermy dat STIAS slegs die belange en navorsingsagenda van Stellenbosch-universiteit dien. Trouens, vir meer as tien jaar is geen Stellenbosse akademici as navorsingsgenote genooi nie, om dit duidelik te maak dat dit nie bloot 'n interne ("in-house") instelling is nie. (Hierdie "diskriminerende" maatreël is intussen laat vaar nadat die reputasie van die instituut as

nasionale instelling gevestig was.) Tweedens is moeite gedoen om die navorsingsagenda van ander universiteite te ondersteun. So is byvoorbeeld die navorsingsfokus van die Regsfakulteit van Pretoria op konstitusionalisme in Afrika versterk deur 'n meerjarige STIAS-projek van stapel te stuur (SASCA, die Stellenbosch Annual Seminar on Constitutionalism in Africa) en wat onder andere 'n reeks publikasies deur Oxford Press opgelewer het. Derdens is die verteenwoordiging van die Universiteit Stellenbosch op die direksie van STIAS tot een beperk, terwyl rektore of oudrektore van ander universiteite, soos Pretoria, Stockholm en Umeå, wel daarop dien. In November 2009 is STIAS deur 'n eenparige besluit van die universiteitsraad in 'n onafhanklike instelling met sy eie direksie omskep. Dit het die grondslag gelê om STIAS amptelik as 'n openbare weldaadsorganisasie (PBO) te registreer en deur die Inkomstediens as sodanig erken te word.

Die roete wat deur STIAS gevolg is, is meer indirek en mag omslagtig voorkom, maar lewer uiteindelik groter en meer standhoudende voordele op – nie net vir Stellenbosch en nabygeleë Wes-Kaapse universiteite nie, maar vir die land en die kontinent in die geheel – asook vir die wêreldwye navorsingsgemeenskap.

Wat die verhouding met ander navorsingsinstellings betref soos ASSAf (Academy of Science of South Africa), AAS (African Academy of Sciences), NRF (National Research Foundation), HSRC (Human Sciences Research Council), CSIR (Council for Scientific and Industrial Research), USAF (Universities of South Africa) en ander, volg STIAS 'n beleid van samewerking en aanvullende navorsing. Hoewel elkeen van hierdie instellings se mandaat en fokus verskil, het hulle 'n gemeenskaplike belang in die bevordering van hoëvlaknavorsing. Vir STIAS val die klem egter nie op formele ooreenkomste met hierdie instansies nie, maar eerder op funksionele betrokkenheid in die vorm van gesamentlike navorsingsprojekte en wedersydse verteenwoordiging. Daya Reddy, voormalige president van ASSAf, en Ahmed Bawa, hoof- uitvoerende beampte van USAF, dien byvoorbeeld op die Wetenskaplike Adviesraad van STIAS, terwyl die huidige hoof van die HSRC, Crain Soudien, 'n navorsingsgenoot van STIAS is en 'n belangrike bydrae tot die projek "The effects of race" gemaak het. STIAS is op sy beurt betrokke by die bestuur of navorsingsprogram van verskeie van die ander instansies.

4. Kernwaardes en hul toepassing in die praktyk

Hoewel IGN's dus 'n groot verskeidenheid vertoon wat betref struktuur, werkswyse en hul verhouding met universiteite en ander navorsingsinstellings, word hulle (altans die mees suksesvolle voorbeelde) deur 'n paar kernwaardes gedra. Terselfdertyd is daar sekere minimumvoorwaardes waaraan voldoen moet word. Nettelbeck (2019:33) stel dit kort en kragtig: 'n idee, 'n persoon wat hierdie idee verpersoonlik en 'n geskikte plek.[20] Dit is van deurslaggewende belang dat hierdie kernwaardes voortdurend voor oë gehou word en as toetssteen vir enige besluit, optrede of toekomstige beplanning dien.

Om die aard van hierdie waardes beter te verstaan, is dit nodig om terug te gaan na die omstandighede wat in die eerste plek tot die ontstaan van hierdie instellings gelei het.

Soos ons gesien het, was Flexner ontnugter deur wat met universiteite in Amerika aan die gebeur was. Dit was nie noodwendig die universiteite se skuld nie, maar die gevolg van

verwagtinge en druk wat die regering asook die breë publiek (wetend of onwetend) op hulle geplaas het. Volgens Flexner het oorspronklike, vrye navorsing gekontamineer geraak met opdragnavorsing ("funded research") waarby sowel die navorsingsvraag as die verlangde resultaat reeds vooraf vasgeskryf is (vgl. Harpham 2007:1637; Bok 2005:117).

Hier te lande is basiese dienste waarvoor die staat self verantwoordelik is, toenemend op universiteite afgeskuif: finansiering van onderrig (beurse uit eie bronne), huisvesting, gesondheidsdienste, sekuriteit en selfs voeding. Op 'n onlangse konferensie wat by STIAS plaasgevind het, is die harde werklikheid uitgespel: Wanneer universiteite om politieke redes gedwing word om "welsynsorganisasies" te word, kan die basiese funksies van hoër onderwys nie langer na behore nagekom word nie (Paterson 2019; vgl. ook Habib 2019).

In baie gevalle kom IGN's tot stand waar die basiese navorsingsopdrag van universiteite (om watter rede ook al) gefrustreer, afgeskaal of versaak word. Die onversadigbare en onstuitbare drang na nuwe insigte, nuwe kennis en nuwe ontdekkings vind altyd ander uitlaatkleppe. Dit sou egter 'n groot fout wees om IGN's as plaasvervangers of as mededingers van universiteite te beskou. Daarvoor is die aantal en impak van IGN's in vergelyking met universiteite eenvoudig te gering. Soos ons reeds gesien het, kan IGN's slegs in simbiose met universiteite bestaan. Hul sukses hang af van die mate waarin hulle daarin slaag om waarde toe te voeg tot die groter navorsingspoging.

In hierdie omstandighede is dit van deurslaggewende belang dat IGN's voortdurend hul kerndoelwitte en kernwaardes voor oë hou en dat alle besluite en optredes hieraan getoets word. In werklikheid word hierdie instellings gedryf – hoeseer die spektrum van IGN's andersins van mekaar verskil – deur 'n aantal beperkte, maar fundamentele waardes, waarvan die volgende die belangrikste is:

4.1 Vryheid

Die vryheid van wetenskaplike ondersoek is so 'n basiese en vanselfsprekende voorwaarde dat dit vreemd mag voorkom om dit as 'n kernwaarde te beklemtoon. Die nimmereindigende soektog na nuwe kennis is immers net moontlik as dit aan geen beperkinge of voorskrifte gebonde is nie en vry is om enige leidraad te volg en alle alternatiewe te oorweeg. Dit maak van die universiteit 'n eiesoortige instelling waar (anders as by 'n maatskappy) metodes en resultate nie voorgeskryf of van bo af afgedwing kan word nie. In die Duitse opset is (op tipiese Duitse wyse) die vryheid van ondersoek selfs wetlik verskans (Nettelbeck 2019:3).[21] Vandaar die verpligting om vrye ruimtes (*Freiräume* – Nettelbeck 2019:ii, vgl. ook Wesseling 2002:21) vir die wetenskap te skep, maar ook om dit noulettend op te pas en ten alle koste te beskerm.

Vryheid in hierdie konteks beteken aan die een kant om vrye teuels aan verbeelding en nuuskierigheid te gee om die ondenkbare te dink, om alle waarskynlike en onwaarskynlike leidrade te volg, om vir 'n wyle los van alle beperkinge en voorskrifte te wees, om die onnoembare te bedink en te ondersoek. Aan die ander kant beteken dit dat daar geen heersende dogma is wat eerbiedig of 'n normatiewe denktradisie wat nagevolg moet word nie – en geen polities korrekte standpunte slaafs nagevolg moet word nie.

Dit is die vryheid om krities en skepties te wees, maar ook om te waag en die onbekende te beproef. IGN's moedig gevolglik riskante projekte aan waarvan die uitkoms nie gewaarborg is

nie, maar wat nogtans iets nuuts mag oplewer. In hierdie opsig bied dit nie alleen ’n vrye nie, maar ook ’n veilige ruimte om te eksperimenteer.

Vryheid van beperkinge beteken ook dat doelbewus ruimte gelaat word vir die gelukkig-toevallige (vgl. Nettelbeck 2019:9–25), die gelukkige sameloop van omstandighede wat iets laat gebeur waarvoor nie voorsiening gemaak is nie of ’n onverwagte bonus meebring. Dit geld nie alleen die geskiedenis van baie IGN’s nie, soos ons hier bo gesien het, maar ook en veral die proses van wetenskaplike ontdekkings. Van die belangrikste deurbrake het op hierdie wyse “toevallig” gebeur in die sin dat ontdekkings dikwels gemaak is terwyl die navorsers eintlik na iets anders op soek was.

Hierdie ruimtes is nie windstiltes of lugleegtes nie, maar is bedoel om sluimerende idees wakker te maak en skeppende denke aan te moedig. Vandaar die STIAS-motto: “a creative space of the mind” en die gebruik om ook enkele kunstenaars (skrywers, digters, komponiste, visuele kunstenaars) as genote te nooi. Dit kan skeppende denke alleen verder stimuleer. Die voorwaardes vir en eienaardighede van die proses van skepping op sigself is ’n blywende belangstelling van hierdie institute. Wesseling (2002:19) skryf in hierdie verband: “As Carl Kaysen, former director of the Institute for Advanced Study of Princeton, once said, ‘the ultimate standards in the intellectual world are aesthetic’. One of his successors, Philip Griffiths, a mathematician and the present Director, wrote, ‘Fundamental thinking has much in common with art, with play, with dreams; it is fragile and unformed.’”

4.2 Grensoorskrydend

IGN’s fokus op die grense van bestaande kennis. Die projekte wat hulle ondersteun, is nóg opdragnavorsing nóg roetinetoepassings van reeds-bestaande prosedures. ’n Belangrike kriterium waaraan aansoekers moet voldoen, is of hul voorgestelde projek baanbrekend van aard is en die potensiaal het om nuwe kennis op te lewer – en natuurlik of die kandidaat oor die nodige akademiese statuur en bewese deskundigheid beskik om dit suksesvol deur te voer.

Hiermee word terselfdertyd aangedui wat met “advanced studies” of “gevorderde navorsing” bedoel word. Dit gaan oor die *vlak* van navorsing. “An Institute for Advanced Study should engage at a higher level” (Wesseling 2002:5)’ of in die woorde van Flexner self: “an institute where everyone – faculty and members – took for granted what was known and published, and in their individual ways, endeavored to advance the frontiers of knowledge”.[22]

’n Misverstand wat algemeen voorkom, en wat deels deur die Engelse benaming “institute for advanced *studies*” (in plaas van “study”) teweeggebring word, is dat dit hier om ’n versameling van losstaande “studies” gaan, eerder as om die vernuwende en baanbrekende aard van die navorsing wat ter sprake is,[23] wat beter deur die Afrikaanse naam en verwysing na “gevorderde navorsing” weerspieël word.

IGN’s is grensoorskrydend nie slegs ten opsigte van bestaande kennis nie, maar ook wat die verdelings tussen akademiese dissiplines en tradisionele ondersoekvelde betref. Die sisteem van vakgebiede vorm die ruggraat van die akademiese aanbod van universiteite, maar bepaal in baie gevalle ook die fisiese uitleg van kampusse. Die groepering van aanverwante vakke in dieselfde gebou en afsonderlike fakulteite op verskillende plekke op die kampus beteken dat studente in een fakulteit hulle hele studieloopbaan kan deurloop sonder om met enige ander vakgebied kennis te maak, tensy hulle ’n doelbewuste poging daartoe aanwend. Hoewel

universiteite interdissiplinêre kursusse aanbied en sodanige navorsing aanmoedig, word dit steeds deur toenemende vorme van spesialisasie teengewerk. Hierteenoor is IGN's in beginsel interdissiplinêr, hoewel interdissiplinariteit ook in verskillende grade voorkom. Ons het reeds gesien hoe Princeton op wiskundige wetenskappe, Stanford op gedragswetenskappe en die NHC op die humaniora fokus. Dieselfde tendens is in ander wêrelddele merkbaar. ZIF in Bielefeld is hierin 'n uitsondering, hoewel die klem nog steeds sterk op die geesteswetenskappe val. STIAS is die enigste instituut wat reg van die begin af vir alle vakgebiede voorsiening maak en navorsing in teoretiese fisika, wiskunde, biologie, geskiedenis, politieke wetenskap, letterkunde, ekonomie, agriwetenskappe, kompleksiteit, filosofie en regsgeleerdheid ondersteun – om slegs enkele vakgebiede te noem.

Die klem op interdissiplinêre navorsing is nie bloot 'n modegier nie, maar berus op 'n fundamentele herbesinning oor hoe kennis in die eerste plek tot stand kom. Baie van die dissiplinêre indelings is histories van aard of nie langer funksioneel nie. Interessante nuwe ontdekkings vind dikwels in die krake *tussen* tradisionele vakgebiede plaas. Verder maak die toenemende kompleksiteit van die huidige samelewing 'n eendimensionele benadering eenvoudig ontoereikend.

Van uiterste belang is die *soort* van interdissiplinariteit wat nagestreef word. In die geval van STIAS word die kruisbestuiwing van denke[24] op verskillende maniere en vlakke aangemoedig. Tog kan dit maklik tot oppervlakkigheid aanleiding gee – die slegste vorm van interdissiplinariteit word gewoonlik bedryf deur generaliste wat nie deskundiges op een spesifieke gebied is nie. STIAS glo daarin om in die beste spesialiste op 'n bepaalde gebied te belê en hulle aan te moedig om nog dieper te grawe – mits hulle 'n ope gemoed behou en bereid is om hulle bevindinge met kollegas uit ander velde te deel. Die uitdagings wat die samelewing tans in die gesig staar, is so kompleks en ingewikkeld dat kitsoplossings vir hierdie probleme nie sal deug nie. Harder en dieper denke is nodig om werklik sinvolle en volhoubare oplossings te vind.

Terselfdertyd kan sinvolle interdissiplinariteit nie van bo af voorgeskryf word nie. Ondervinding het geleer dat die beste benadering is om die werklike leiersfigure in hul onderskei vakgebiede byeen te bring en hulle dan in vrede te laat om hulle eie interaksie te ontwikkel.

4.3 Onvolledigheid

Die keersy van grensoorskryding is die aanvaarding van die onvolledigheid van ons eie kennis en insigte. In hierdie verband maak Francis Nyamnjoh al geruime tyd voorspraak vir die positiewe aanvaarding van onvolledigheid ("incompleteness" – vgl. Nyamnjoh 2015) – nie alleen as 'n meer bevredigende beskrywing van ons menslike bestaan nie, maar ook van die aard van wetenskaplike navorsing. Niemand het die volle waarheid in pag nie en niemand kan aanspraak maak op 'n monopolie van kennis nie. Ons het mekaar eenvoudig nodig. Daarom lewer hy 'n pleidooi vir "convivial scholarship". Soos 'n lewe in isolasie en sonder interaksie met ander mense nie die moeite werd is nie, so kan die soeke na nuwe kennis alleen in wisselwerking met ander gedy:

> Conviviality is recognition and provision for the fact or reality of being incomplete. If incompleteness is the normal order of things – natural, human and supernatural – conviviality invites us to celebrate and preserve incompleteness and mitigate delusions of grandeur that come with ambitions and claims of perfection. Conviviality emphasises

> the repair rather than the rejection of human relationships. It is more about cobbling and less about ruptures. It is fundamental to being human – biologically and socially – and necessary for processes of social renewal, reconstruction and regeneration. Conviviality depicts diversity, tolerance, trust, equality, inclusiveness, cohabitation, coexistence, mutual accommodation, interaction, interdependence, getting along, generosity, hospitality, congeniality, festivity, civility and privileging peace over conflict, among other forms of sociality. Nothing short of convivial scholarship would do justice to the legitimate quest for a reconfiguration of African universities and disciplines of knowledge … Convivial scholarship confronts and humbles the challenge of over-prescription, over-standardisation and over-prediction. It is critical and evidence-based, just as it is critical of the sources of evidence. It is a scholarship that sees the local in the global and the global in the local. It brings them into informed conversations, conscious of the hierarchies and power relations at play at both the micro and macro levels of being and becoming. Convivial scholarship challenges us – however grounded we may be in our disciplines and their logics of practice – to cultivate the disposition to be present everywhere at the same time. It's a scholarship that cautions disciplines, their borders and gatekeepers to open up and embrace differences. With convivial scholarship, there are no final answers. Only permanent questions and ever exciting new angles of questioning. (Nyamnjoh 2018).

Die besef van die interafhanklike aard van wetenskaplike kennis en die feit dat elke nuwe geslag navorsers op die skouers van hul voorgangers staan, hou verdere implikasies in vir die wyse waarop IGN's funksioneer. Die eerste is beskeidenheid. Die aanvaarding van die beperktheid van individuele kennis en toenemende noodsaaklikheid van samewerking met ander navorsers beteken dat niemand alle wysheid in pag het of die enigste gesaghebbende op 'n bepaalde gebied is nie. Op sy beurt bevorder dit 'n gees van ruimhartigheid – die bereidheid om met ander te deel eerder as om kleims af te steek of kennis en resultate van ander weg te hou. Soos met die Bybelse verhaal van die brode en visse: as mense (navorsers in hierdie geval) begin om hul kennis en insigte met mekaar te deel, is daar uiteindelik meer vir almal. Derdens versterk dit die rol van IGN's as bemiddelaars wat as fasiliteerders die omgewing skep waardeur vernuwende werk in die eerste plek moontlik gemaak word, eerder as om die proses te oorheers of in bepaalde rigtings te probeer stuur. In die woorde van Flexner: "[N]o organizer, no administrator, no institution can do more than create conditions favorable to the restless prowling of an enlightened and informed human spirit" (aangehaal deur Woolf 1980:x).

4.4 Inklusiwiteit

Die drang om grense oor te steek en die besef van die beperktheid van eie kennis gaan gepaard met 'n holistiese, inklusiewe benadering. IGN's is nie kampvegters vir 'n bepaalde skool, navorsingtradisie of polities korrekte standpunte nie. *Alle* stemme moet gehoor word, *alle* alternatiewe oorweeg word, en *elke* stelling kan uitgedaag word. Daarby is die oorsprong van 'n idee of die "gesag" waarop dit berus, van minder belang as die oortuigingskrag daarvan. Dit beteken dat IGN's hiërargieë in beginsel ondergrawe en jong, opkomende sterre net so ernstig opneem as gevestigde en gevierde navorsers. In die gees van 'n "republiek van idees" vind 'n "demokratisering" plaas wat toegang tot die proses van kennisskepping vir almal moontlik wil maak.

Inklusiwiteit beteken nie 'n vrypas of insluiting in die sin van "anything goes" nie. Die keersy van toegang is om blootgestel en aan rigoreuse ewekniekritiek onderwerp te word. Ook hier is die kwaliteit van idees die finale toetssteen.

Nogtans bly die vraag: Hoe inklusief kan 'n IGN – en dan ook spesifiek STIAS – werklik wees? Weerspieël die kernwaardes wat hier bo bespreek is, nie bloot algemene "liberale" waardes nie? Maak dit ook voorsiening vir "radikale" waardes? Sluit die klem op 'n bepaalde segment van die navorsingspektrum (vernuwende, hoëvlaknavorsing) nie by voorbaat sekere stemme uit en bevestig dit nie die elitistiese aard van STIAS en IGN's in die algemeen nie?

Hierdie vrae raak die kern van die probleem waaroor hierdie artikel handel. Hoëvlaknavorsing kan elitisties wees alleen as die bedryf daarvan beperk word tot 'n geslote groep beoefenaars of tot die aanvaarding van 'n voorgeskrewe stel aannames, paradigmas, metodes of navorsingtradisies. Agter hierdie vrae lê die nog meer fundamentele epistemologiese kwessie van hoe kennis in die eerste plek tot stand kom, wie die proses beheer en wie oor die resultate daarvan beskik. Daarby speel die konteks waarin die proses plaasvind, ongetwyfeld 'n groot rol. STIAS neem gevolglik sy plasing in hierdie deel van die wêreld – in die "globale suide" – ernstig op, omdat dit twee belangrike dimensies van inklusiwiteit na vore bring.

Die eerste is geografiese inklusiwiteit sover dit Afrika betref. Vir STIAS is dit belangrik dat meer van hierdie "vrye ruimtes" op die vasteland tot stand kom. Daarom is die instituut reeds vanaf sy stigting in vennootskap met Point Sud[25] wat in 1997 in Mali gestig is en tans uit 'n hele netwerk van medewerkende instansies bestaan. Dieselfde geld vir STIAS se betrokkenheid by AAS, CODESRIA (Council for the Development of Social Science Research in Africa), MIASA en soortgelyke instellings. In Oktober 2019 het 'n groep van meer as 20 instansies van oral oor Afrika by STIAS byeengekom[26] met die oog op groter samewerking en die doelgerigte ontwikkeling van 'n nuwe geslag van jong wetenskaplikes.

Die tweede geld epistemologiese inklusiwiteit – teen die agtergrond van die intense debat oor "noordelike" en "suidelike" teorie, dekolonialisering, afrikanisering van die leerplan, die #RhodesMustFall-aktivisme, en vele meer. Dit gaan hier nie om kwantitatiewe inklusiwiteit nie (in die sin van die versameling van alle moontlike standpunte), maar eerder daarom om 'n neutrale, veilige ruimte te voorsien waar elkeen van hierdie gesigspunte gelug, bespreek en gedebatteer kan word sonder sensurering of vooroordeel. In hierdie sin maak STIAS vir sowel "links" as "regs" voorsiening. Die enigste voorwaarde is dat hierdie standpunte begrond kan word en die toets van kritiese beoordeling kan deurstaan. Hierdie debat is nog lank nie uitgepraat nie en STIAS is deurlopend by die proses betrokke.[27] Die Comaroffs se *Theory from the South* (2014) is 'n gesamentlike publikasie van die instituut, terwyl Nyamnjoh, skrywer van die bekroonde boek oor die #RhodesMustFall-beweging, 'n STIAS-navorsingsgenoot en programkomiteelid is (vgl. Comaroff en Comaroff 2014 en Nyamnjoh 2016).

Die beste argument teen die vermeende eksklusiwiteit en elitisme van IGN's is die beoefening van hierdie soort van inklusiwiteit wat – soos ons reeds gesien het – 'n inherente demokratisering tot gevolg het.

4.5 Algemene welsyn

Dit mag vreemd voorkom om "algemene welsyn" met IGN's in verband te bring. Nogtans bestaan daar historiese en filosofiese redes vir hierdie verbintenis. Soos ons in die eerste

afdeling gesien het, was dit nie ’n intellektuele impuls wat tot die stigting van die eerste IGN gelei het nie, maar eerder ’n impuls van “charitable giving”[28] – die begeerte om iets tot die welsyn van die gemeenskap in die breë by te dra. Die ontstaansgeskiedenis van IAS in Princeton bewys dat kommersiële en nie-akademiese oorwegings wel die ideale van vernuwende en oorspronklike navorsing kan ondersteun.

Maar afgesien van filantropiese motiewe is daar ook ’n fundamentele verantwoordbaarheid ter sprake. IGN’s moet in die laaste instansie kan bewys dat hulle tot die algemene welsyn bydra. Die vryheid wat hierdie institute vir hulself opeis, sal net so lank geduld word as wat hulle kan aantoon op watter wyse hulle werk tot die voordeel van die samelewing in die geheel strek. Hoewel kitsoplossings nie van hulle verwag kan word nie, moet hul werk ten slotte die samelewing ten goede strek. Dit is nie die onmiddellike nie, maar wel die uiteindelike doel wat hul bestaan regverdig.

4.6 ’n Ontwikkelende etos

Tussen die kernwaardes wat IGN’s inspireer en as rigtingwysers dien, bestaan daar dus ’n samehang. Die een lei na die ander en hulle ondersteun mekaar. Hoe hierdie waardes in die praktyk toegepas word, verskil van instituut tot instituut en hang tot ’n groot mate van die plaaslike omstandighede af. Om te illustreer hoe dit in die geval van STIAS gebeur, word hier enkele voorbeelde genoem.

Uit vele pogings om die kernwaardes in die praktyk toe te pas, het daar algaande – en byna op ’n organiese wyse – ’n kenmerkende etos ontwikkel. Hierdie etos kom op uiteenlopende en soms onopvallende maniere tot uitdrukking. Navorsingsgenote “verloor” alle titels of aansprake op senioriteit vir die duur van hul verblyf. Die navorsingskantore is ewe groot een eners toegerus – ’n subtiele herinnering aan die gelykheid wat met ’n “republiek van idees” gepaard gaan. Dit vorm alles deel van die volgehoue poging om skanse tussen dissiplines en navorsingstradisies af te breek.

Alhoewel die Wallenberg-navorsingsentrum deurlopend in gebruik is, word navorsingsgenote afgeskerm van die geroesemoes van daaglikse bedrywighede. Die gebou is spesiaal ontwerp om die “openbare” gedeelte van die “private” navorsingsruimte te skei. Hier kan navorsers byna soos in ’n klooster ongestoord op hul werk konsentreer. Die groot Victoriaanse tuin dra verder tot die rustige atmosfeer by wat ’n “plaasgevoel” in die middel van die dorp skep. Alles word dus gedoen om ’n omgewing te verseker waar navorsers – vry van die daaglikse sleurstroom – ’n tree terug kan gee, asem kan skep, en kan konsentreer op die volgende deurbraak.

Die verbintenis tot uitnemendheid geld vir sowel persoon as projek. Daarom die vuisreël: “Al het jy die interessantste en mees belowende navorsingsprobleem, maar nie die beste navorsers om dit aan te pak nie, wag eenvoudig tot die regte mense gevind kan word.” Omdat die kundigheid en reikwydte van dissiplines in die programkomitee onmoontlik alle terreine kan dek (onvolledigheid!) word daar swaar gesteun op ewekniebeoordeling en deskundigheid van buite.

In navolging van die kultuur om te deel, maak STIAS nie enige eksklusiewe aansprake op enige kundigheidsterrein nie en “besit” ook nie die resultate van sy navorsingsprogram nie. Dit word eerder (in ooreenstemming met STIAS se status as openbare weldaadsorganisasie)

vryelik gedeel met die navorsingsgemeenskap, besluitnemers en die algemene publiek. Hierdie mededeelsaamheid berus op die oortuiging dat hoe meer vryelik idees uitgeruil en kundigheid gedeel word, hoe groter die uiteindelike voordeel vir die wetenskap en vir die algemene welsyn sal wees.

STIAS wil dus 'n komplementerende en fasiliterende rol ten opsigte van ander navorsingsinstellings speel, eerder as om met hulle mee te ding. Die instituut verkies om self op die agtergrond te bly en te konsentreer op die skepping van 'n klimaat wat vrye en kreatiewe denke stimuleer. Soos reeds aangedui, is die mikpunt om 'n veilige ruimte te bied waar alle moontlike standpunte sonder vrees of vooroordeel krities ondersoek kan word – juis ook standpunte wat teen die gangbare mening indruis.

Die gevolg is dat die instituut al meer as 'n neutrale terrein ervaar word – iets wat in die bestaande klimaat van mededinging tussen universiteite vir bronne en plekke op ranglyste uiters skaars is. Hierdie behoefte bestaan nie alleen onder universiteite nie, maar ook tussen ander belanghebbers en besluitnemers in die samelewing. STIAS doen daarom besondere moeite (byvoorbeeld deur gereelde "rondetafelbesprekings" tussen navorsers, sakelui en die regering te reël) om 'n platform te bied waar agter die skerms, en weg van televisiekameras, openhartig oor sake van belang gepraat word – maar dan op basis van feite en resultate wat uit die navorsing van genote voortvloei.

In die gees van sy verantwoordelikheid teenoor die breër samelewing huiwer die instituut ook nie om hoëvlaknavorsing met strategiese uitdagings te verbind nie[29]. Trouens, dit is juis probleme in die werklike lewe wat die grootste stimulus vir nuwe denke verskaf.

Dis ook belangrik om die verskille tussen navorsers te respekteer wat betref persoonlikheid, temperament, voorkeure, werkgewoontes en behoefte aan privaatheid of aan interaksie. Weer eens kom dit dikwels op klein seine neer, soos 'n toe deur wat "moenie steur nie" beteken, of 'n oop een wat interaksie verwelkom. Navorsingsgenote geniet die grootste mate van vryheid om hulle eie werksritme te volg. Toegang tot die gebou is 24 uur per dag moontlik en navorsers het slegs twee verpligtinge: Hulle moet die daaglikse gesamentlike middagete bywoon en hulle moet 'n seminaar oor hulle navorsing aanbied wat toeganklik vir hulle kollegas uit ander vakgebiede is.

Alles is daarop gerig om optimale interaksie te verseker tussen mense en idees wat in die gewone gang van sake nooit aan mekaar blootgestel word nie. Die navorsingsruimte is só ontwerp dat almal die "vloer moet kruis" om by hul kantoor uit te kom. En daarom is daar net één (maar behoorlik toegeruste en goed-funksionerende) koffiemasjien in die gebou. Uit die verslae van genote aan die einde van hul verblyf blyk dit dat 'n toevallige ontmoeting by die koffiemasjien dikwels 'n saadjie geplant of 'n hele nuwe denkrigting aan die gang gesit het.

Die etos is dus die resultaat van wat Nettelbeck (2019:ii) "reflexive Verwaltung" noem – nie roetinebestuur nie, maar die voortdurende, nadenkende begeleiding van die proses van kennisskepping. Nie om die proses te beheer nie, maar om dit optimaal te ondersteun.

5. Belang en bydrae

Is IGN's hulle sout werd? Regverdig hulle die tyd en die middele wat blykbaar so mildelik aan hulle toegedeel word? Ten spyte van die retoriek van toegang en die demokratisering van kennis en die kennisproses, is die harde werklikheid nie dat hierdie voorregte slegs by uitsondering en slegs vir enkele uitverkorenes beskore is nie?

Om in gemaksones te verval is ongetwyfeld die konstante versoeking waarteen IGN's moet waak. Die omstandighede is so idillies, die luukse van tyd en ongestoorde denke so verleidelik dat dit maklik 'n bestemming in sigself word, 'n doelwit op sy eie, 'n beloning vir harde werk, of die ideale aftreeoord aan die einde van 'n loopbaan. Dit moet erken word dat sommige van die genote so aan hierdie instellings dink en dit ook by geleentheid misbruik. Dit is ook 'n feit dat by baie van die institute wat hulself die naam van IGN toe-eien, die vlag nie die lading dek nie.

Tog kan die bewese resultate en die omvangryke bydrae van die leidende instellings nie ontken word nie. Die navorsingsopbrengs in die vorm van boeke, artikels en ander bydraes spreek vanself. Die voordele vir die navorsingsuitsette (en onderrigprogramme) van universiteite waaraan genote verbonde is, kan ook nie ontken word nie. Maar daar is ook minder tasbare en telbare voordele. Die verryking en verdieping van denke, die ontdekking van nuwe insigte en moontlikhede, die konfrontasie met ander vakgebiede, metodes en konsepte, die uitskuif van bestaande horisonne, die uitdaging om totaal anders oor dinge te dink – dit vorm die kern van die verslae wat genote aan die einde van hul navorsingsverblyf inlewer en wat hulle herhaaldelik as die grootste bate van hierdie instellings beskryf.

Die voorwaarde is egter dat IGN's getrou bly aan hulle roeping en aan hul etos en naarstiglik daaroor waak. Kritiese denke – nie net oor die wetenskap nie, maar ook oor die unieke instelling van IGN's en hul werkswyse – is 'n blywende verpligting.

Bibliografie

Albertyn, E. 2000. Kultuurhistoriese verslag van Mostertsdrift. Ongepubliseerde verslag in opdrag van STIAS.

Bok, D. 2005. *Our underachieving colleges*. Princeton: Princeton University Press.

Branegan, J. 1996. Empire of the midnight sun. Defying the sceptics, the Wallenberg dynasty of Sweden prepares for a strong new generation. *Time International* 148(7), 12 Augustus. https://www.time.com/time/international/1996/960812/corporations.html (14 Augustus 2007 geraadpleeg).

Brink, C. 2006. The significance of Mostertsdrift as symbolic place. Ongepubliseerde toespraak by geleentheid van die inwyding van SACEMA op 8 Mei 2006.

Comaroff, J. en J. Comaroff. 2014. *Theory from the south. How Euro-America is evolving toward Africa*. STIAS-reeks. Stellenbosch: SunMedia.

Diawara, M., K. Günther en R. Meyer-Kalkus (reds.). 2012. *Über das Kolleg hinaus. Joachim Nettelbeck dem Sekretär des Wissenschaftskollegs 1981 bis 2012*. Berlyn: Wissenschaftskolleg zu Berlin.

Flexner, A. 1908. *The American college, a criticism*. New York: The Century Publishers.

—. 1910. *Medical education in the United States and Canada. A report to the Carnegie Foundation for the Advancement of Teaching*. New York: The Carnegie Foundation for the Advancement of Teaching. (Ook bekend as The Flexner Report.)

—. 2017. *The usefulness of useless knowledge*. Princeton: Princeton University Press. (Heruitgawe van 'n essay wat oorspronklik in 1939 in die Oktober-uitgawe van *Harper's Magazine* verskyn het.)

Giving USA. 2019. https://givingusa.org/giving-usa-2019 (6 Oktober 2019 geraadpleeg).

Goddard, P.T. 2011. The growth of institutes for advanced study. *Estudos Avançados*, 25(73):7–18.

Habib, A. 2019. *Rebels and rage. Reflecting on #FeesMustFall*. Kaapstad: Jonathan Ball.

Harpham, G.G. 2007. Genre and the institution of research: Three American instances. *Publications of the Modern Language Association of America (PMLA)*, 122(5):1623–43.

—. 2018. Ongepubliseerde voordrag by die Akademiese Adviesraad van STIAS, Maart 2018.

IAS. S.j. Abraham Flexner: Legacy. https://www.ias.edu/flexner-legacy (19 Oktober 2019 geraadpleeg).

Krull, W. 2012. Kennerschaft und Könnerschaft. Joachim Nettelbeck und die höhere Kunst der Wissenschaftsverwaltung. In Diawara, Günther en Meyer-Kalkus (reds.) 2012.

Nettelbeck, J. 2019. *Verwalten von Wissenschaft, eine Kunst*. Berlyn: Max Planck Institute for the History of Science.

Nyamnjoh, F. 2015. Incompleteness: Frontier Africans and the currency of conviviality. *Journal of African and Asian Studies*, 50:1–15.

—. 2016. *#RhodesMustFall. Nibbling at resilient colonialism in South Africa*. Bamenda: Langaa Publishers.

—. 2018. Mobility, globalisation and the policing of citizenship and belonging in the 21st century. Ongepubliseerde voordrag gelewer by die konferensie National Identity and State Formation in Africa, Oktober 2018, by STIAS.

Olsson, U. 2001. *Furthering a fortune. Marcus Wallenberg, Swedish banker and industrialist 1899–1982*. Stockholm: Ekerlids Förlag.

Oxford dictionary of English. 2003. 2de uitgawe. Oxford: Oxford University Press.

Paterson, M. 2019. Toxic politics push "welfare" universities to the brink. *University World News.* Africa Edition. 23 Augustus 2019. https://www.universityworldnews.com/post.php?story=20190819071003800 (5 Oktober 2019 geraadpleeg).

Point Sud, Centre de recherche sur le savoir local. http://pointsud.org/?lang=eng (16 Oktober 2019 geraadpleeg).

STIAS. S.j. Annual reports. https://stias.ac.za/publications/annual-reports. (16 Oktober 2019 geraadpleeg).

Wallenberg family. S.j. http://www.wallenberg.com/en/family (17 September 2019 geraadpleeg).

Wesseling, H. 2002. *The idea of an institute for advanced study. Some reflections on education, science, and art*. Uhlenbeck Lecture 20. Wassenaar: NIAS.

Wittrock, B. 2010. A brief history of institutes for advanced study. https://cas.oslo.no/getfile.php/137422-1457965964/CAS_publications/Jubilee%20booklets/PDF/History_of_institutes.pdf (8 Oktober 2019 geraadpleeg).

Woolf, H. 1980. *A community of scholars: the Institute for Advanced Study, faculty and members 1930–1980*. Princeton: IAS.

Eindnotas

[1] Flexner (2017).

[2] Die Afrikaanse vertaling is afkomstig van Walter Claassen, viserektor: navorsing aan die Stellenbosse Universiteit ten tye van die stigting van STIAS. Die Afrikaanse akroniem SIGNA en die assosiasies met die Latynse *signa* (teken) is om verskillende redes besonder gepas. Later meer oor die begrip *gevorderde navorsing*.

[3] "[T]he occurrence and development of events by chance in a happy or beneficial way" (Oxford Dictionary of English 2003:1612).

[4] In een van die eerste van baie soortgelyke "gelukskote" in die geskiedenis van IGN's het die Bambergers hulle hele kleinhandelryk net betyds verkoop aan R.H. Macy (van die beroemde Macy's) voor die ineenstoring van die Amerikaanse aandelebeurs in 1929.

[5] Point Sud is nie 'n volwaardige IGN nie, maar 'n doktorale opleidings- en navorsingsentrum wat op geskiedenis en sosiale antropologie konsentreer.

[6] Nettelbeck het in *Verwalten von Wissenschaft* (2019) sy ervaringe en sy insigte in die bestuur van IGN's saamgevat. Kyk ook Krull (2012).

[7] Hoe hierdie proses verloop het, word in die derde afdeling bespreek.

[8] Die oorspronklike teks lui: “You are now on the site of the first settler farm given out by the then Cape Dutch Colony – a farm which was established in 1679 I believe. It all started right here. Mostertsdrift became the core of Stellenbosch, which became in a sense the core of what later became the Afrikaner people. So – this is a very symbolic place. What we are trying to do here is to turn this place around into something that belongs to the entire country and the entire South African nation and the entire continent of Africa. In a sense we want to acknowledge history and to turn it around. We want to do that by making available to the country, to society, to the continent what we can do – and that is the knowledge business. The right way in which to characterize this place is to describe it as a kind of neutral territory, a kind of thinking space, where we would like to invite other people, other universities, other countries to come and join us in this very beautiful place to help us think about what is good for the country, what is good for science, what is good for intellectual life. So we have a vision – a vision of putting this very beautiful place to work. Not in the sense of ownership, but in the sense of trusteeship. What happened to you was given in trust and should be held in trust for others, for science in general, for intellectual life.” (Chris Brink, 8 Mei 2006, ongepubliseerde teks)

[9] Kyk Albertyn (2000).

[10] Die aankoopprys van R6,6 m op ’n openbare veiling was destyds in omstredenheid gehul – enersyds omdat die universiteit op daardie stadium besig was om kostes te besnoei deur onder andere personeel te verminder en andersyds omdat daar ook belangstelling van die kant van ander prominente belanghebbendes was.

[11] Nou reeds in die vyfde geslag – vgl. www.Wallenberg.com/en/family.

[12] Sedert 1917 het die Wallenberg-stigtings 33 miljard Sweedse krone aan opvoeding en aan navorsingsprojekte bestee – vir 2018 was die bedrag 2,2 miljard SEK (vgl. www.wallenberg.com).

[13] Hoe die kontak met Peter Wallenberg en deur hom met die Wallenberg-stigtings tot stand gekom het, is ’n storie op sy eie wat hier nie in besonderhede vertel kan word nie.

[14] Kyk www.stias.ac.za.

[15] STIAS huur tans die eiendom op ’n 99-jaar-basis van die universiteit.

[16] Ander lede van hierdie groep is die Princeton Institute for Advanced Study; die Center for Advanced Study in the Behavioral Sciences in Stanford; die National Humanities Center in North Carolina; die Radcliffe Institute for Advanced Study by Harvard; die Netherlands Institute for Advanced Study; die Swedish Collegium for Advanced Study; die Berlin Institute for Advanced Study; die Israel Institute for Advanced Studies; en die Nantes Institute for Advanced Study.

[17] Kyk www.ubias.net/about-the-institute.

[18] Kyk www.academics.com/guide/german-excellence-initiative.

[19] Die voor die hand liggende naam vir die instituut sou die Suid-Afrikaanse Instituut vir Gevorderde Navorsing (SAIGN in Afrikaans; Engels SAIAS) gewees het, maar gegee die mededingende universitêre toneel van die tyd sou so ’n aanspraak nie sonder die instemming van alle ander Suid-Afrikaanse universiteite kon geskied het nie. (Die situasie was soortgelyk aan dié in Nederland waar die toutrekkery onder universiteite die stigting van NIAS as nasionale instituut met meer as tien jaar vertraag het). STIAS het dus dieselfde probleem as IAS, wat ook dikwels met Princeton se instituut verwar word, hoewel die twee heeltemal onafhanklik van mekaar is. Dit is egter nie ’n onoorkomelike probleem nie. “Stellenbosch” verwoord sowel die geografiese plasing as die historiese oorsprong van die instituut. Die erkenning van die status as nasionale instituut hang af van die gehalte van die navorsing wat gelewer word, van die inklusiewe wyse waarop navorsers van oor die hele land, vasteland en wêreldwyd gewerf word en bereid is om as navorsingsgenote by STIAS te werk.

[20] “Eine Idee, eine Person, die sich ihr verschreibt, und ein dafür geeignetes Haus.”

[21] “Kunst und Wissenschaft, Forschung und Lehre ist frei” (Art. 5 5 Abs. 3 Satz 1 van die Duitse Grondwet).

[22] Kyk www.ias.edu/flexner-legacy.

[23] ’n Internetsoektog na “institutes for advanced studies” maak gou duidelik hoe wydverspreid hierdie misverstand is. Dit dien trouens as ’n sjibbolet om vas te stel of die idee van hierdie soort instituut reg verstaan word.

[24] “The cross-pollination of minds” was ’n geliefkoosde uitdrukking van Peter Wallenberg Sr.

[25] Point Sud, Centre de recherche sur le savoir local. Vergelyk ook eindnota 5 hierbo.

[26] Die volgende instansies was verteenwoordig:

Academy of Science of South Africa (ASSAf)
African Academy of Sciences (AAS)
African Economic Research Consortium (AERC)
African Institute for Mathematical Sciences (AIMS)
African Network for the Internationalisation of Education (ANIE)
African Population and Health Research Centre (APHRC)
African Research Universities Alliance (ARUA)
Africa Centre for Scholarship, Stellenbosch University (ACS)
AU/NEPAD Southern African Network of Water Centres of Excellence (NEPAD SANWATCE)
Council for the Development of Social Science Research in Africa (CODESRIA)
Future Africa, University of Pretoria
Global Young Academy (GYA)
Institut Point-Sud, Bamako
Inter-University Council for East Africa (IUCEA)
International Centre of Insect Physiology and Ecology (ICIPE)
Merian Institute for Advanced Studies in Africa (MIASA)
Network of African Science Academies (NASAC)
Organisation for Social Sciences Research in Eastern and Southern Africa (OSSREA)

Partnership for Africa's Next Generation of Academics (PANGeA)
Partnership for African Social and Governance Research (PASGR)
Regional Universities Forum for Capacity Building in Agriculture (RUFORUM)
Universities South Africa (USAF)

[27] Kyk die jaarverslae van STIAS om 'n indruk te kry van die spektrum van onderwerpe wat weekliks aan die orde is: https://stias.ac.za/publications/annual-reports.

[28] Die tradisie van "charitable giving" het 'n lang en roemryke geskiedenis in die VSA, maar ook in baie ander lande. Volgens Giving USA het Amerikaners gedurende 2018 meer as 427 miljard Amerikaanse dollar aan liefdadigheid geskenk (https://givingusa.org/giving-usa-2019). Die stelsel is nie sonder vrae nie. Die groot aansporing is die belastingvoordele wat die skenker bekom deurdat skenkings van hierdie aard in die reël van belasbare inkomste afgetrek kan word. Soms speel ander faktore 'n rol in skenkings aan universiteite (byvoorbeeld die borg van 'n leerstoel of oprigting van 'n gebou), soos die aansien wat die assosiasie met die akademie meebring en die toegang wat dit tot die intellektuele wêreld moontlik maak. Tog is daar geen twyfel dat hierdie tradisie 'n belangrike bydrae tot die wetenskap gemaak het en steeds maak nie.

[29] STIAS "focuses on real-life problems and sustainable solutions for the challenges of the country and the continent" (www.stias.ac.za/about/objectives-and-ethos/, 13 November 2019 geraadpleeg).